Verslag vir Noordelike SDR
Maart 2026

Nuus uit UP fakulteit:

- NG Groep bestaan uit 83 studente, wat insluit 30 studente in die residensiële voltydse baan, 39 diensleraars en 14 diensleraars wat artikuleer.
- Prof Minitza Kotze is aangestel as mede-professor in Sistematiese Teologie, begin 1 April.

Hoe werk aanmelding vir Teologiese studie

1. Gemeente (lidmaatskap)
2. Ring
3. Beveel aan by Kuratorium (Kerkeie Opleiding)
4. Getuigskrif elke jaar
5. Mentor oor 6 jaar

Hoe werk teologiese opleiding?

Leraar/Predikant:

1. BDiv (UP, US, UOVS): 4 jaar
2. MDiv (UP/US) / MTh (UOVS): 1 jaar
3. BTh (Hons) Gemeentebediening (UP): 1 jaar
4. 6 Jaar Kerklike Opleiding (6 ure per tema)

Diensleraar

1. BTh (UP, US, UOVS, Hugenote): 3 jaar
2. 3 Jaar Kerklike Opleiding (elke tweede Dinsdag aanlyn; 2 retreates p.j.)

- Later aanmeldings: 1 addisionele kerklike opleidingjaar
- Ander kwalifikasies: PGDip Teol (US/UOVS): 2 jaar

Artikulasie (Diensleraar na Leraar):

1. BTh (Hons) (UP)
2. MDiv of MTh (UP/US/UOVS)
3. Grondtale (UP of UP Enterprise aanlyn)
4. BTh (Hons) Gemeentebediening (UP): 1 jaar
5. 3 Jaar Kerklike Opleiding

Bedienaar

- Kerkgeakkrediteerde Sertifikaat in Teologie (Hugenote: KAST): 2 jaar.
- Sinodes/ringe bestuur proses, bevoegdheid gekoppel aan gemeente

Rol van kuratorium

- Kerklike opleiding
- Sielkundige begeleiding
- Toelating tot verdere kerklike opleiding na BDiv
- Legitimasie: Aanbeveling van Proponentskommissie, goedkeuring deur Kuratorium, legitimasie deur ATP

Proses vir Colloquium Doctum:

1.Reglement 11 (9)
2.Aansoek by Ring (vorm)
3.Aanbeveling by Sinode
4.ATP
5.Proponentskommissie
6.Eksamens (1 jaar)
7.Legitimasie